

EMILY FERN, DIE EERSTE JOHANNESBURGOPGELEIDE KUNSTENARES

Deel II: Werkbespreking, Uitstallings en Katalogus van Landskappe

As gevolg van die skilderes se periodieke studiereise oorsee, is 'n natuurlike indeling van haar werk moontlik. Hierdie tydperke word ook duidelik in haar werk weerspieël. 'n Behandeling van Emily Fern se werk aan die hand hiervan is gewens, omdat op hierdie wyse die vordering in tegniek en stylontwikkeling duidelik waarneembaar word.

Eerste periode tot 1920

Emily Fern se eerste kennismaking met werklike kuns, was by die *Endstraat-Convent* in Johannesburg, waar sy vir die eerste keer met olie-verf gewerk het. Latere opleiding aan die Tegniëse Kollege van Port Elizabeth, het haar eerste professionele onderrig gevorm. Toe 'n plaaslike tekeninspekteur tydens 'n kunseksamen te Kimberley haar kunstalente besef het, was haar toekomstige loopbaan bepaal.

Die destydse kunsonderrig in Johannesburg was nog in sy kinderskoene en die geleentheid om 'n deeglike opleiding in die rigting te ondergaan, was dus gering. Deur die bywoning van kunsklasse aan die eerste Johannesburgse Kunsskool aan die begin van die tiender jare van hierdie eeu, het die skilderes haar eerste kunsvorming van betekenis van enkele vooraanstaande beroepskunstenaars, ontvang. Van Smithard, 'n kunstenaar en dosent, het sy baie geleer, daar hy haar in die basiese beginsels van skilder- en pastelwerk, onderrig het. Emily se werk van hierdie tyd, word dan ook gekenmerk deur die eksperimentele karakter daarvan en die onvastigheid in haar styl.

Sommige uitstaande werke uit hierdie periode het bewaar gebly, veral in die vorm van portretstudies. So is daar die portret van haar vader, wat onlangs deur die familie in bruikleen aan die Africana Museum in Johannesburg afgestaan is. Die werk, wat sy kort na 1918 voltooi het, toon duidelik dat die kunstenaar 'n sekere vaardigheid in die hantering van verf bemeester het. Die liefdevolle belangstelling vir die onderwerp, moes seker meegehelp het om die skildery tot 'n suksesvolle voltooiing te bring.

Hoewel sy, danksy die kunsskool, 'n sekere mate van vaardigheid in die gebruik van dié media behaal het, blyk dit tog duidelik dat 'n grondige studie van die grondbeginsels van komposisie, kleur en tegniek noodsaaklik vir haar verdere ontwikkeling was.

Tweede periode van 1920—1933

In 1920 is Emily Fern na Engeland waar sy twee jaar deurgebring het. Gedurende hierdie tyd het sy min geleentheid vir enige grondige studie gehad, maar dit was egter nie geheel vrugtelos nie, want haar

werk toon 'n algehele verbetering. Die kleurgebruik word met meer oorleg aangewend en kleure is helderder en skoner. Die voorstelling van haar werk word eenvoudiger en die kennis van die stillewe, help haar om 'n sterker komposisie te bou. Werk uit hierdie periode het op 'n peil gekom waar dit met 'n mate van sukses verkoop kon word, veral in Johannesburg, maar ook elders in die land. Ook die onderwerpe bied 'n ryker verskeidenheid. Verskeie landskappe sien die lig in hierdie tyd, soos bv. paaie met groot bloekombome en spruitjies wat deur bome en berge omring is. In hierdie opsig het Natal as 'n groot aantrekkingskrag gedien, terwyl besoeke ook aan die Kaapprovinsie gebring is.

Die Indiërskool in Johannesburg besit 'n versameling landskappe uit hierdie periode, met onderwerpe soos Tafelberg met Kaapse vlaktes, Heuwellandskap met bloeiende veldblomme in Natal, e.a. Hierdie tipe skilderye is van beskeie grootte en maak deur hul helder kleure, 'n aan-



Portret van kunstenaars se vader (Katalogus nr. 188)

gename indruk op die toeskouer. In geen van dié werke kan egter 'n buitengewoon interessante komposisie gevind word nie, daar hulle in die eerste plek vir die genot en pikturale effek geskilder is.

Die swerftogte deur die veld het Emily, vergesel van Mary Packer, in aanraking gebring met die veldblomme waarvoor sy 'n blywende liefde ontwikkel het. 'n Uitgebreide reeks blomstillewens was die gevolg hiervan en kan as haar mees kenmerkende genre beskou word.

Emily se verblyf in Engeland het haar verder in kontak met die ets- en lino'sneetegniese gebring. Dis veral in hierdie media waar Emily Fern se swakhede duidelik uitkom. Meeste etse is sketse van 'n Johannesburg



Vroueportret (Katalogus nr. 199)

wat nou histories is. Verla die Telefontoring van Johannesburg, het bekendheid verwerf. Die liniere karakter en die kleurbeporing van die ets, het die aantrekkingskrag van hierdie medium baie beperk. Dit was egter 'n goeie oefening vir komposisie en tekstuur. In die etswerk is dit veral die voorstelling wat die kunstenaar se belangstelling geniet het, terwyl lino's die indruk skep asof sy in hierdie medium probeer het om

haar komposisieprobleme op te los. Die tema van die lino's bestaan veral uit Bantoetipes, wat deur 'n natuurlike kontras tussen lig en donker, hul uitsonderlik vir hierdie tipe werk leen. Maar die verspreiding van lig en donker en die interessante vormgewing, daaraan, ontbreek in die werk. Die indruk word geskep asof sy die belangstelling vir 'n sekere werk verloor sodra die voorstelling voltooi is. Selfdisipline, wat vir die voltooiing van enige kunswerk nodig is, het ongelukkig ontbreek en eers in die laaste jare van haar lewe, het sy hierdie probleem gedeeltelik oorkom.

Dit pleit vir die kunstenaars dat sy nog nie tevrede met haar werk was nie. Waarskynlik het sy 'n deel van haar eie gebreke in haar werk besef en onderneem as gevolg daarvan, 'n verdere studiereis na Parys in 1933.

Derde periode van 1933 — 1949

Soos meeste kunstenaars een of ander tyd in Parys beland, was dit ook die studiesentrum van Emily Fern aan die begin van die derde periode.

Die artistieke atmosfeer van Parys het die kunstenaars so oorweldigend beïnvloed, dat sy haar eie skilderstyl laat vaar het en op verskillende maniere die nuwe rigtings probeer navolg het. Veral Matisse en die Kubiste, het 'n groot indruk op haar gemaak soos sommige van haar oliestudies van landskappe en enkele portrette toon.

Haar hele tegniek het 'n grondige verandering ondergaan en die kleur as vlak, het 'n prominente plek in haar werk ingeneem. Daar is 'n reeks portrette, waarskynlik van modelle, wat volgens hierdie styl geskilder is. Miskien is hulle 'n bietjie lomp in uitvoering, maar hulle getuig tog van 'n rustige krag. Die bou van die kleurvlakke wys op 'n kubistiese invloed en die kleurskema herinner aan Vuillard. Gedurende haar verblyf in Parys, het sy tot 'n mate erkenning vir haar werk ontvang. In 'n Franse tydskrif, het daar selfs 'n bydrae oor haar verskyn.¹

Dit sal by 'n eerste vergelyking die toeskouer verbaas hoe weinig van die Paryse invloed, veral wat die kleurpatrone betref, na haar terugkeer in Suid-Afrika, in haar werk oorgebly het. Dit is asof alles wat sy geleer het, oorboord gegooi is en daar met 'n skoon lei begin word. Waarskynlik was dit ook die geval gewees. Die skilderes moes aangevoel het dat haar Paryse skildertrant nie haar eie was nie en dat sy alles weer moes vergeet, om sodoende haarself te probeer vind. Dat haar nuwe styl in Suid-Afrika minder waardeer sou word, sal ook wel as 'n oorweging getel word.

So vind ons haar ou styl weer in hierdie periode terug, maar nie heeltemal sonder verbeterings nie. Dis asof sy met meer selfvertroue haar onderwerpe behandel en die genot leer ken het om, met en sonder paletmes, die verf op die doek te modelleer. Veral haar blomstudies en sommige landskappe in Natal en die Kaap, is voorbeelde hiervan.

1. *Sud Magazine*, 15 Januarie 1934, p. 29.

Die Nasionale Kunstgalerie in Kaapstad, het 'n tipiese voorbeeld van haar werk uit hierdie periode, nl. 'n stillewe met Sonneblomme. Beter as in enige ander onderwerp, kan ons die wese van die skilderes se kuns in hierdie stuk bepaal. Die kleurrykheid van die blomme en hul lewendige patrone, het haar besonder aangetrek. Waar die fyner blomsoorte haar vroulikheid tot uiting bring, is dit in die groter blomsoorte, soos Sonneblomme, Dahlias en Magnolias, dat ons haar temperamentele gevoel weergegee sien. Omdat sy daarin haar diepste gevoelens tot uiting kon bring, behoort hierdie werke ongetwyfeld tot die beste wat sy gemaak het. Die groot kleurmassas het haar minder bekommernis met die agtergrond gegee en waardeur dan ook die komposisie beter gebalanseer is.

Dikwels is dit die agtergrond wat sy in haar werk verwaarloos. Sodra die blomme geskilder is, verloor sy belangstelling vir die werk en word die res van die skildery afgeskeep. Dit kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan selfdisipline, moontlik as gevolg van onvoldoende opleiding in haar jeugjare.

Dis ook in hierdie tyd dat sy 'n reis na die Transkei onderneem het en hier vir enkele weke niks anders as net Bantoestudies gemaak het nie. Die kwaliteit is baie wisselvallig. Terwyl party werke 'n interessante skildering en verdeling besit, is daar ook andere wat skaars meer as studentewerk is. Dikwels is die kop met lewendige verftoetse geskilder, terwyl die kleding slegs met kleur aangedui is, wat dan afbreuk aan die werk gedoen het. 'n Vereiste in daardie dae was dat die werk „in die mode” moes gewees het, soos dan ook deur die groot hoeveelheid in private besit, bewys word.

By haar landskapswerke val hierdie onreëlmatige afwerking die minste op. 'n Verklaring vir die verskynsel moet aan die natuurlike eenheid van 'n natuurtooneel toegeskryf word, en wat die kunstenaars sekerlik beïnvloed het. Maar ook in haar landskappe is daar 'n hinderlike tekort aan komposisie wat die werk soms onsamehangend maak en die waarde daarvan sterk verminder. Die skilderes het nooit 'n groot belangstelling vir komposisie gehad nie en het dit dikwels aan die toeval oorgelaat. Haar belangstelling het meer na die kleure uitgegaan, veral die sterk en helder kleure. Daarom het sy ook meer van Natalse en Kaapse landskappe gehou, terwyl die Transvaalse landskap nie hierdie voorkeur geniet het nie. In Transvaal was sy meer suksesvol met waterverf, omdat die natuurlike sagtheid van dié medium dit beter vir die spesiale palet van die Transvaal leen.

Vierdie periode van 1949 — 1953

In 1949 het Emily Fern weer 'n geleentheid gekry om 'n besoek aan Europa te bring. Hierdie keer het sy egter meer rond gereis, en weinig tyd aan verdere praktiese studie bestee. Sy het verskeie lande besoek, o.a. ook Italië, waar sy die kunsskatte met veel aandag bestudeer het.

Die werk wat na hierdie besoek in Suid-Afrika die lig gesien het,

toon 'n verbetering in afwerking. Veral in die laaste jare, toe sy weens liggaamlike ongesteldheid nie meer kon rondreis nie, is dit asof sy meer tyd aan 'n bepaalde onderwerp bestee het — moontlik as gevolg van 'n gebrek aan onderwerpe. Veral haar blomstudies het hierby gebaat. Daar is 'n groter eenheid tussen die onderwerp en die agtergrond as gevolg van 'n beter kleurverspreiding en meer lewendige tonalisering. 'n Blomstillewe in die besit van E. J. McLean van Johannesburg, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Die onderwerp is 'n vaas met Hydrangea op 'n tafel en met geen verdere onderwerpe op die doek nie. Tog is daar 'n sterk eenheid tussen die egalige groen-wit agtergrond en die onderwerp.

Blomstudies was haar grootste liefde en waarmee sy ook haar naam as kunstenaars gemaak het. Ofskoon sy nooit met haar werk die hoogste trap van kunsprestasie bereik het nie, het haar werk toe 'n eie sjarme en vergelyk dit baie gunstig met die van tydgenootlike Suid-Afrikaanse kunstenaars.

Tentoonstellings en enkele koerantmenings

Op versoek van enkele vriende, het die kunstenaars kort voor haar dood 'n kort oorsig van haar loopbaan geskets. Hieruit blyk dat sy aan 'n groot aantal uitstallings deelgeneem het. Die kommentaar wat op haar werk gelewer is, gee 'n interessante insig in haar populariteit onder haar tydgenote en dui daarop dat dit in die smaak van dié dae geval het.



Greyton, Cape (Katalogus nr. 251b)

In die kunstenaars se jeugjare het sy die eerste plek behaal in 'n eksamen in monochroom en sodoende die *Munisipale Medalje* van Port Elizabeth verower. In 1914 verower sy 'n verdere eerste prys vir portretstudie op die Johannesburgse Kunsskool en ontvang twee goue medaljes vir portrette op die Johannesburgse Eisteddfod.

Haar werk is van 1931 tot 1934 uitgestal in die *Cambrian Academy*, Londen, in *Conway Castle*, Wallis en verskeie ander stede in Engeland. In Parys het sy saam met Britse en Amerikaanse kunstenaars, portrette en naakstudies op die *Salon* en op die *Salon des Tuileries* uitgestal.

Vir verskeie jare het sy ook gereeld deelgeneem aan die tentoonstellings van die *Natal Society of Artists*; die *South African Academy*, Johannesburg; die *South African Society of Artists*, Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen. Verder het sy verskeie eenmanteltoonstellings in Pretoria, Johannesburg en Durban gehou.

Ten slotte kan dit vermeld word dat Emily Fern verantwoordelik was vir die maak van die leeroortreksels van die versierde adresse wat aan die Hertog van Connaught, die Hertog van Windsor, toe hy as Prins van Wallis Suid-Afrika in 1920 besoek het en aan koning George VI ter geleentheid van sy kroning, oorhandig is.

Oor Emily Fern se werke, het kritici o.a. die volgende menings gelug:
South African Academy — Rand Daily Mail 1937

„Sunflowers by Emily Fern has a vigour of treatment not always to be found in her work, but her portrait, a work of a certain intimacy, also repays study.”

Natal Society of Artists 1937

„Miss Fern likes bright colour softly graded and a strong rhythm.¹ When she is successful, as she is with Sunflowers she is very good indeed.”

The Star, Desember 1943

„Since Emily Fern returned from her last visit to Paris about eight years ago she has only held two exhibits of her art in Johannesburg. The collection now on view at Dacyton's Galleries shows this artist's work matured and mellowed by constant study built up in the inspiration derived from her two years in Paris, where she exhibited at the *Salon*. Miss Fern is a painter of immense enthusiasm whose work has never been static but has thriven on experiment . . . The French influence shows itself in an outstanding study of trees, houses and a field of peas in blossom.”

Die volgende Kunsgalerye besit voorbeelde van haar werk:

1. Die Nasionale Kunsgalery in Kaapstad: *Sonneblomme*, 1938.
2. Die Anne Bryant-kunsgalery, Oos-Londen: *Magnolias*, 1950.

1. 'n Sterk ritme sou ek nooit met haar werk geassosieer het nie.

Katalogus van Landskappe

Olieverwe

239. *Hoekoe Valley*, Ladismith, C.P.: Bantoevrou op pad na 'n huis, twee bloeiende vrugtebome en swaar wit wolke oor berge in agtergrond. 1943?; olie op doek, get. R.O.; 41.9 x 52.1. Mev. N. Anderson, Jhb.
240. *The old mill*: Meule met bloeiende perskeboom in voorgrond en bruin gekleurde berge in agtergrond. Olie op doek, get. R.O.; 55.9 x 45.7. Id.
241. *A pending storm*: 1945; olie op doek, get. L.O.; 61 x 76.2 Mej. Pamela Aspoas, Jhb.
242. *Bathers at Warner's Beach, South Coast, Natal*: Olie op karton, get. R.O.; 38.1 x 48.2. Mev. B. M. Bashagen, Pennington, Natal.
243. *Houtbay*: Olieverf, get.; 43.2 x 38.1. Mev. J. H. Bath, Jhb.
244. *Campanile on Donkin Reserve, Port Elizabeth*: 1947; olie op doek, get. R.O.; 48.3 x 38.1. Mev. L. Berman, Jhb.
245. *Kaapse landskap*: 1943; olie op doek, get. R.O.; 35.6 x 48.3. Id.
246. *The Jukskei River near Johannesburg*: 1939; olie op doek, get. L.O. Mev. A. Bernstein, Lombardy-Oos, Tvl.
247. *Landskap*: met berge in agtergrond en plaashuis met draad omheinde tuin daarvoor. In die tuin 'n volwassene en 'n kind. Olie op doek, get. R.O.; 40.6 x 50.8. Mev. R. H. Coetzee, Theunissen, O.V.S.
248. *Old farm, Tulbach, Cape*: 1945; olie op karton, get. R.O.; 40.6 x 50.8. Dr. A. J. de Kock, Senekal, O.V.S.
249. *Landskap*: grasdak huisie met bruin gras in voorgrond, wilgeboom regs en berge in agtergrond met bewolkte lug (naby Pelindaba?). Olie op karton, get. R.O.; 38.1 x 40.6. Nerine Desmond, Kaapstad.
250. *Jacarandas and Union Buildings*: Pretoria. 1938?; olie op doek, get. R.O.; 35.6 x 30.5. J. R. Dorman, Jhb.
- 251a. *Muldersdriif, Transvaal*: 1945; olie op doek, get. R.O.; 35.6 x 40.6. Mnr. S. Folb, Jhb.
- 252b. *Greyton, Cape*: 1952; olie op karton, get. R.O.; 50.5 x 61. Mnr. G. F. Fraser, Jhb.
252. *Landskap*: met skuur met wit mure en 'n pad in die voorgrond, begrens deur twee dik bome. Op die horison populiere en berge. Olie op doek, get. L.O.; 33 x 35.6. M. Gilbert, Jhb.
253. *Notre Dame (in Winter)*: In die voorgrond 'n rivier met 'n eiland in die middel en katedraal in agtergrond. Links in die middel 'n boot. 1934; olie op papier, get.: Fern, R.O.; 26.1 x 37.5. Eilee Hewitt, Jhb.
254. *Kaapse landskap*: Boerewoning teen Drakensberge, Tulbach, met twee kleurlinge op die voorgrond. 1945; olie op doek, get. R.O.; 52.1 x 66. Mnr. J. Heyl, Potgietersrus.
255. *River Landscape*: Groen vlaktes met riviertjie in voorgrond en heining langs regter wal. 1953; olie op karton, get. R.O.; 34 x 47.7. Mev. Hughes, Jhb.
256. *Landskap met figure*: Figuurtyes wat op 'n stofpad in die voorgrond loop, met berge in die agtergrond. 1949; olie op karton, get. R.O.; 19.7 x 22.2. Mev. M. Hyman, Jhb.
257. *Heuwellandskap met bloeiende veldblomme, Natal*: 1932; olie op karton, get. R.O.; 35.5 x 42. Indiërskool, Jhb.
258. *Bloekombome*: Olie op karton, get. L.O.; 51 x 37. Indiërskool, Jhb.
259. *Herfslandskap*: in die Kaap, klein riviertjie in die voorgrond. Olie op karton, get. R.O.; 36 x 31. Indiërskool, Jhb.
260. *Three Native kraals on a hill*: Olieverf; 43.2 x 53.3. J. K. James, P.M.burg.
261. *Manx Cottage*: 1911; olie op doek; 20.3 x 40.6. A. E. Kewley, Witbank.
262. *Transvaal landskap*: Veld met stofpad. 1944?; olie op karton; 33 x 38.1. E. Klein, Jhb.
- 263a. *Winter Scene*: Wilgerboom in graslandskap. 1945; olie op karton, get. R.O.; 35.4 x 45.6. Mev. R. Langley, Modderfontein.
- 263b. *Native huts*: met 'n boom in die nabyheid en Bantoe wat toekyk, berge in die agtergrond. Olie op karton?, get. R.O.; 30.5 x 40.6. Mev. R. Levin, Jhb.
264. *Native life, Native house near Pretoria*: 1948; olieverf; 34.3 x 44.5. Mev. J. Lloyd, Hilton, Natal.
265. *Kommetjie looking towards Hout Bay*: 1952; olie op doek, get. L.O.; 33 x 38.1. Mev. C. Lord, Jhb.

266. *Side of Cape house near Tulbach*: 1947; olie op karton, get. L.O.; 40.6 x 33. Id.
267. *Jonker's Hoek?*: Lentelandskap met grasdakhuis en bloeiende vrugtebome links, berge in die agtergrond. Id.
268. *Landskap*: met dennebome en kleihuisie daaragter, pad in voorgrond en draadheining, swaar lug. 1946 of 1948; olie op karton, get. R.O.; 31 x 41. Mev. J. E. McLean, Jhb.
269. *Fishing Village, Kleinmond*: Drie huisies met rooi dakke, geel bloeisels daarvoor en mense. 1951; olie op karton, get. R.O.; 41 x 50.8. Id.
270. *Vaal River, Parys*: Landskap met rivier wat na middel vloei, twee kaal bome regs en rooidakhuisies. 1951; olie op karton, get. R.O.; 20.5 x 60.5. Id.
271. *Edge of Berg, Graskop*: Kloof met bome daarin en riviertjie in val links eenkant. Olie op karton, get.: Fern, R.O.; 40 x 45.4. Id.
272. *Natives washing in Vaal River*: Vier meidjies besig om in die rivier te was, met die rûe na die toeskouer, landskap in agtergrond. 1951; olie op karton, get. R.O.; 30.5 x 38.2. Id.
273. *Sea scene*: met spits berge in agtergrond en strand regs. 1952; olie op karton, get. R.O.; 31 x 41. Id.
274. *Old Fig Tree (Bezuidenhout Valley Farm)*: in landskap met arbeiders regs met vrag op die skouers. Olie op karton, get. L.O.; 46 x 41. Id.
275. *Hartebeespoort*: Gesig op die dam met pad en bome links en berge op agtergrond. Rooi bootjie op die dam midde-regs. 1946; olie op karton, get. R.O.; 35.4 x 45. Id.
276. *Richmond, Cape*: Seelandskap met strand en klippe regs voor, berg in agtergrond. 1951; olie op doek, get. L.O.; 25 x 35.5. Id.
277. *Old Mill near Alice, Cape Province*: met wilgerbome in voorgrond. Olie op karton, get. R.O.; 25.5 x 29.7. Id.
278. *Spring*: Berglandskap in agtergrond en bloeiende boom regs in voorgrond. 1948; olie op karton, get.; 40.5 x 50.5. Id.
279. *Old Genadendal, Cape*: Watermeul met watersluis daarvoor met weerskante bome, regs die bygeboue en 'n leer. 1951; olie op doek, get. R.O.; 40.5 x 50.5. Id.
280. *Krokodil River, Muldersdrift*: Landskap met rivier in voorgrond wat in die middel van die doek verdwyn, met bome aan weerskante op groen oewers. 1948; olie op karton, get. R.O.; 40 x 50.9. Id.
281. *Hout Bay*: Seegesig met bergkrans links en linksagter. 1944; olie op karton, get. L.O.; 45.5 x 50.4. Id.
282. *Mondeor*: Kommetjie waaruit rivier na midde onder vloei en twee bome aan weerskante van die riviertjie. 1955; olie op karton, get. R.O.; 56 x 46. Id.
283. *Tulbach, Cape*: Berghelling met wit huisie en wit figuurtjie midde anders regs. 1945; olie op doek, get. R.O.; 40 x 50. Id.
284. *Paarl*: Spruitjie in voorgrond met struikgewas weerskante en berge in agtergrond. 1947; olie op karton, get. R.O.; 35.2 x 40.5. Id.
285. *Rivierbedding*: slingerend deur landskap met wilgerboom op die regteroewer. Olie op karton, get. L.O.; 37.6 x 44.9. Id.
286. *Willows*: langs riviertjie met landerye in agtergrond en 'n bruin kleihutjie links bo op die doek. Olie op karton, get.: Fern, R.O.; 45.5 x 37.7. Id.
287. *Still Bay, Cape*: Strandtoneel met vissersbootjies en groen bossies in voorgrond. 1944; olie op papier, get. L.O.; 38.5 x 29.5. Id.
288. *Kleinmond*: Seegesig met swaar wolke en blou berge in agtergrond. Groot klippe en strand regs onder. 1951; olie op doek, get. R.O.; 40.5 x 45.5. Id.
289. *Near Johannesburg*: Spruit met brug met twee deurgange en links 'n hut met twee bloekombome daaragter. 1950; olie op karton, get. R.O.; 35.5 x 40. Id.
290. *Rondawels*: Twee rondawels met draad omheinende tuin, waarin bloeiende blomme, waaronder Kennas, en boom in voorgrond. 1946; olie op doek, get. R.O.; 35.5 x 40.9. Id.
291. *Drakensberg scene*: Wit huis aan die voet van die berg omring deur bome in lentebloeisels en twee figuurtjies in voorgrond. 1944; olie op karton, get. L.O.; 50.1 x 55.7. Id.
292. *Edge of Berg*: Gesig deur kloof op oranje gekleurde berge in agtergrond. Boome en struikbegroeiing in die kloof. 1947; olie op karton, get. L.O.; 50.9 x 60.5. Id.
293. *Hout Bay*: Seegesig met wit klippe links, smal strand in voorgrond en groot berg in agtergrond. 1947; olie op karton, get. R.O.; 50.8 x 60.5. Id.
294. *The Bridge, Magaliesberg*: Riviertjie met steenbrug gedeeltelik sigbaar regs, groot waaivormige bome middel links. 1946; olie op karton, get. L.O.; 45.6 x 40.7. Id.

295. *Genadendal, Cape*: Grondpad voor dwars met bome en wit huisie daaragter, voor vroulike figuurtjie in rooi bloese en grys romp. 1950; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 50.7. Id.
296. *Prince Albert*: Mie'ieland langs spruit met berge in agtergrond. 1951; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 50.9. Id.
297. *Kleinmond, Cape*: Rivier deur berglandskap met betrokke lug. Bruggie oor rivier in agtergrond. 1950; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 50.9. Id.
298. *The Lagoon, Warner Beach, South Coast, Natal*: Waterpan met strand en rooi skepies in agtergrond, rietbegroeiing in linkeronder hoek. 1948; olie op karton, get. R.O.; 30.5 x 40.5. Id.
299. *Kaapse landskap*: Stofpad na regs met bome aan die regterkant. Links groente-tuine en twee huisies op berghelling. Olie op karton, get. R.O.; 41.2 x 39. Id.
300. *Klip River, Swellendam, Cape*: Voor en syangesig van Kaaps-Hollandse huis met grasveld daarvoor en bome weerskante. 1944; olie op karton, get. R.O.; 45.5 x 60.7. Id.
301. *Monclear, Transvaal*: Rivier met wilgerbome links en oranjekleurige veld in agtergrond. 195?; olie op karton, get. R.O.; 50.7 x 40.5. Id.
302. *Village Road*: Dorpstraatjie met bloeiende vrugteboom links en berg in agtergrond, drie figuurtjies op pad met huise weerskante. 1950; olie op karton, get. R.O.; 50.1 x 64. Id.
303. *Rivierlandskap*: met klipbanke weerskante en Bloekombome op regter oewer. 1952; olie op karton, get.; 41 x 50.5. Id.
304. *Watermill*: met waterwiel en watersluis en bome aan linker oewer. Olie op karton, get. L.O.; 64.3 x 48.1. Id.
305. *Kaaps-Hollandse huis*: van kant met bygeboue en meisie en bome daarvoor. 1944; olie op karton, get.: R.O.; 45.5 x 60.3. Id.
306. *Transvaal winterlandskap*: Waterpan met wilgerbome, blou berge in agtergrond tussen boomstamme sigbaar. Olie op karton, get. R.O.; 41.4 x 40. Id.
307. *Kanaal in Parys*: met hoë boogbrug daaroor en vasgemaakte boot links teen oewer met bome. 1934; olie op karton, get. R.O.; 30.3 x 40.1. Id.
308. *Crocodile River, Muldersdrift*: met bome weerskante en berge in middel agtergrond. 1948; olie op karton, get. L.O.; 45.5 x 50.5. Id.
309. *Rivierlandskap*: Kronkelende rivier deur vlakke, met klippe in die water en berge in agtergrond. 1945; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 45.5. Id.
310. *Transvaal-landskap*: Slingerende rivier deur vlakke met berge in agtergrond, in voorgrond links 'n struik en regs 'n boom. 1949; olie op karton, get.; 45 x 56. Id.
311. *Hennops River*: Pad deur rivier, Magaliesberge in agtergrond en bome weerskante van die pad. 1952; olie op doek, get. R.O.; 41 x 56. Id.
312. *River landscape, Natal*: met baie uitstekende klippe in rivierbed en boomlower in agtergrond. 1922; olie op doek, get. R.O.; 40 x 51. Id.
313. *River landscape*: met wilgerboom links en grasperk regs. Olie op doek, get. L.O.; 38 x 45.5. Id.
314. *River landscape*: Rivier met bome aan die oorkant en twee huisies op die horison en 'n stormagtige lug. Olie op doek, get. R.O.; 45.5 x 40.5. Id.
315. *Tulbach*: Rivierlandskap met bome weerskante en 'n blou berg op die agtergrond. Olieverf, get. R.O.; 41 x 51. Id.
316. *New Harbour, Hermanus, Cape Province*: met berge op agtergrond en vasgemaakte vissersbootjie links voor. 1951; olie op doek, get. R.O.; 25 x 35.4. Id.
317. *Transvaal winter scene*: Waterpan met kaal wilgerbome en veld met groen en oranje agtergrond. 1952; olieverf, get. R.O.; 35.5 x 40.5. Id.
318. *Old Church, Normandy, France*: Ou kerk met pad daarheen, waarlangs bome. 1934?; olie op papier; 29 x 24; uitgestal: *Salon de Paris, Salon des Tuileries* 1934, en *Royal Cambrian Academy* 1931 tot 1934. Id.
319. *Landscape with Cypresses*: Europese landskap met staalgrys berge in agtergrond en pad wat van voor na middel loop en enkele sipresse regs. 1933; olie op papier (met paletmes), get.: Fern, R.O.; 36.8 x 38.6. Id.
320. *Groot Constantia*: Olie op doek, get. L.O.; 35.5 x 37.5. Id.
321. *Ladismith, Cape*: Olie op doek, get. R.O.; 40.6 x 45.7. Dr. Mulock-Bentley, Eshowe, Zululand.
322. *Waterpan*: met baie bome daarvoor. Olie op doek, get. L.O.; 35.6 x 45.7. C. F. Oosthuizen, Klerksdorp.

323. *Swellendam*: Kaap-Hollandse huis teen agtergrond van Truverkop. Olieverf; 38.1 x 30.5. F. Richardson, Jhb.
324. *Landscape with trees*: 1943; olie op karton, get. L.O.; 57.2 x 44.5. Dr. Silberberg, Kaapstad.
325. *Bosveld*: 1942; olie op karton, get. L.O.; 40.7 x 50.9. Id.
326. *Witley Farm, Tulbach vineyard and peaches*: 1945; olie op doek, get. R.O.; 50.5 x 40.3. Id.
327. *Old farm, Prince Albert, Cape*: 1928; olie op karton, get. L.O.; 39.4 x 50.8. Id.
328. *South Coast, Natal*: 1948; olie op karton, get. R.O.; 40.7 x 50.9. Id.
329. *Kommetjie, Kaap Peninsula*: Olie op karton, get. R.O.; 40.7 x 50.4. Id.
330. *Old Mill at the Cape*: met berge in die agtergrond. En op keersyde: *View from flat in Hillbrow of Twist and Smith Street*. Olie op karton; 38.1 x 50.9. Id.
331. *Bloeiende vrugtebome*: met berge in agtergrond, Kaap. 1946; olie op karton, get. R.O.; 30.5 x 35.6. Id.
332. *Magaliesberg*: Olie op karton, get. L.O.; 40.7 x 50.9. Id.
333. *Pool, Yokeskei River*: Olie op karton, get. R.O.; 25 x 30.5. Id.
334. *Hennop's River*: 1948; olie op karton, get. R.O.; 50.9 x 45.8. Id.
335. *Autumn colours*: Ceres. 1947; olie op doek, get. R.O.; 40.7 x 50.9. Id.
336. *Swarthkoppies Road*: 1949; olie op karton, get. R.O.; 39.4 x 41.9. Id.
337. *Bloeiende peerbome, Ladismith, Kaap*: Olie op karton, get. L.O.; 52.5 x 42. Id.
338. *Ladismith, Cape*: Bome links van slinger paadjie wat na 'n huis lei en berge op die agtergrond. 1944; olieverf, get. L.O.; 39.4 x 45.8. Id.
339. *Trees near a pool*: Olie op karton, get. L.O.; 25.4 x 18.7. Id.
340. *Flowering trees near Ceres*: 1947; olie op karton, get.; 35.6 x 40.7. Id.
341. *Spring, Worcester*: 1952; olie op karton, get. R.O.; 30.4 x 40. Id.
342. *Yokeskei River*: 1920?; olie op karton, get. L.O.; 41.3 x 51.5. Id.
343. *Farmhouse with tree*: En aan ander kant: *Three trees in landscape*: Olie op karton, get. L.O. (beide); 41.3 x 45.7. Id.
345. *South Easter, Kleinmond, Cape*: 1950; olie op doek, get. R.O.; 40.7 x 50.9. Id.
346. *Klip River, Johannesburg South*: Olie op doek, get. R.O.; 33 x 35.6. Id.
347. *Gare de Lyon, Montparnasse*: 1949; olie op karton, get. R.O.; 40.7 x 50.9. Id.
348. *Pretoria Castle, East London*: Olie op karton, get. R.O.; 35.6 x 45.7. Id.
349. *Isles of Man*: 1921?; olie op papier, get.: Fern, R.O. Id.
350. *Paris*: Olie op papier, get.: Fern, L.O.; 48.9 x 39.4. Id.
351. *Landscape near Ladismith, Cape*: Donkiekar op landweg en berge op agtergrond. Olie op karton, get. R.O.; 41.9 x 50.9. Id.
352. *Vaalrivier, Parys, O.V.S.*: 1950; olie op karton, get. R.O.; 40 x 50.9. Id.
353. *Landskap, Parys, O.V.S.*: Rivier in landskap, 'n boom in die rivier en twee eende. 1951; olie op karton, get.; 41 x 46. Id.
354. *Cape scene*: Huise, drie groot bome en berg in agtergrond. Olieverf, get.; 33 x 42. Mev. D. M. G. Smith, Henly on Klip.
355. *Winter Willows, Transvaal*: 1944; olieverf, get. L.O.; 43.2 x 38.1. Mnr. G. Solarsh, Jhb.
356. *Seascape with mountains*: Olie op doek, get. L.O.; 43.2 x 48.3. Mev. R. Solomon, Jhb.
357. *Night scene, Theatreland*: Majesty's teater, Johannesburg, in voetligte. Agterop geskryf: Commissioners Street, Jhb. 9 p.m. 1952; olie op doek, get. R.O.; 35.6 x 25.4. Mej. P. Spurr, Jhb.
358. *Plaashuis*: met naturellevrou met hout op die kop en varkie, daarvoor bloeiende bome en 'n hoop klippe, deinsrige berge in agtergrond. 1944; olie op doek, get. R.O.; 49.5 x 53.4. Prof. H. G. Stoker, Potchefstroom.
359. *Farmhouse, Ladismith, Cape*: 1943 (of 1945?); olie op karton, get. L.O.; 40.7 x 50.9. Mnr. M. Tatz, Jhb.
360. *Kloppers River, Ladismith, Cape*: 1945; olie op karton, get. L.O.; 40.7 x 50.9. Id.
361. *Fruit orchard in blossom*: met berge in agtergrond. 1945; olie op doek, get. R.O.; 40.7 x 50.9. J. W. Theron, Tulbach.
362. *Orchard with farmhouse against mountains*: 1945; olie op doek, get. R.O.; 61 x 53.4. Id.
363. *Winterhoek Mountains at Tulbach*: 1945, olie op doek, get. R.O.; 61 x 45.7. Id.
364. *Ruin, white sands, Cape*: 1950; olie op karton, get.: 31.8 x 24.2. E. Trollip, Klerksdorp.
365. *A windy day, Eastern Province, Cape*: 1948; olie op karton, get.; 40.6 x 35. Id.

366. *Hartebeespoort*: 1946; olie op doek, get.; 26.7 x 36.7. Id.
 367. *Sreet scene, Hillbrow, with Synagogue in Wolmarans Street*: 1940; olie op doek, get. R.O.; 53.2 x 61. Mev. C. Wed'lock, Jhb.
 368. *Strandtoneel, Houtbaai*: Vissersbote op die strand in voorgrond, 'n gryns dag-olieverf; 61 x 45.7. Mev. J. B. Wentzel, Jhb.
 369. *Mimosa Trees*: Hut met Bantoemeidjie daarvoor in middel regs, daarvoor 'n Mimosaboom en bossies en draadheining met bome, bossies op agtergrond. Olie op karton, get. R.O.; 41.9 x 47. Mev. E. B. Westwood, Jhb.

Waterverwe

370. *The Donga*: Get. R.O.; 39.4 x 44.5. Mev. D. Abrams, Jhb.
 371. *Cottage at Ladismith*: (Die naam is misleidend want die huisie wys nie op die skildery nie, volgens die besitster). 1940; get.; 30.5 x 36.8. Kay Allett-Green, Jhb.
 372. *Old Cottage, Pelindaba*: Get. R.O.; 29.2 x 36.8. Mev. A. Bernstein, Lombardy-Oos, Tvl.
 373. *Sea scene*: 1927; get. R.O.; 27 x 36.5. Mev. C. D. Crains, Jhb.
 374. *Fishing boats anchored at the end of a jetty*: 17.8 x 27.9. W. J. Christie-Taylor, Jhb.
 375. *Winter willows*: Waterstroompie wat van regs na voorgrond in 'n poel loop met brug daaroor tussen wilgerbome met herfskleure. 1929; get. R.O.; 27.9 x 37. A. W. Daneel, Mooinooi.
 376. *Ladismith, Cape*: Get. R.O.; 35.6 x 36.2. C. J. Fern, Kaapstad.
 377. *Scene in Mombasa*: Bantoes in wit kostuums geklee, op pad na hulle hutte tussen die palmome. Gouache; 35.6 x 40.6. Ivy E. Hancock, Jhb.
 378. *Tafelberg*: met Kaapse vlakte, boom in voorgrond. 1929; get. R.O.; 25.5 x 37. Indiërskool, Jhb.
 379. *Kaap-Hollandse Landhuis*: 1940; get. L.O.; 25.5 x 38. Id.
 380. *Hewellandskap met boerehuis in Natal*: 1930; get. R.O.; 25 x 30.5. Id.
 381. *Landskap*: met klein riviertjie en twee wilgerbome. 1927; get. L.O.; 36.5 x 25.5. Id.
 382. *Outbuildings of farmhouse*: Rondawel met grasdak met bloekombome daaragter. 1928; get. R.O.; 26.7 x 25.4. Mev. R. D. Knight, Stilfontein, Tvl.
 383. *Landskap*: Riviertjie, waarlangs bome en 'n brug, waarop twee mense, nog twee op 'n bank en een staande daarlangs. Get. R.O.; 45.7 x 40.6. Mev. R. Levin, Jhb.
 384. *South Coast, Natal*: Gesig op die see deur die duin met aalwyne regs. Get. R.O.; 22 x 28. Mev. J. E. McLean, Jhb.
 385. *Transkei, near Umtata*: Berglandskap met hutte links en regs in voorgrond. Get. L.O.; 22 x 28. Id.
 386. *Hout Bay, Cape*: Seegesig met rotsagtige kus. 1947; Get. L.O.; 25.4 x 31.8. Id.
 387. *Allows near South Coast*: Aalwyne links met seegesig en bietjie strand. Get. R.O.; 38.8 x 26.2. Id.
 388. *Florida Lake*: Wilgerbome op paadjie langs dam. Get. R.O.; 32 x 40.4. Id.
 389. *Sheep*: in die veld met berge in agtergrond. Get. R.O.; 24.3 x 30.3. Id.
 390. *The Ruth, Sandeffjord*: Skip van voor gesien links in hawe gemeer met brug en fabriek in agtergrond. Get. R.O.; 25.4 x 19.5. Id.
 391. *Kalkbaai, Kaap*: Seilbootjies aan pier gemeer met vuurtoring in agtergrond en roeiboot regs voor. 1946; get. L.O.; 25.2 x 31.5. Id.
 392. *Kalkbaai, Kaap*: Seilbote aan pier gemeer met mensebedrywigheid op die pier en voëls in die lug. Get. R.O.; 25.2 x 23. Id.
 393. *Kalkbaai, Kaap*: Seilbote aan pier gemeer met mensebedrywigheid en roeiboot in voorgrond tussen klippe en gemeerde bote. 1946; get. R.O.; 25.5 x 34.5. Id.
 394. *Strandtoneel*: met berge in agtergrond en klippe op die strand. 1952; 29.4 x 34.5. Id.
 395. *Bergtoneel*: met hutte in voorgrond, sowel links as regs, en 'n rooi figuurtjie regs voor. Get. L.O.; 22 x 27.6. Id.
 396. *Transkei*: Berglandskap met pad waarlangs wilgerbome. Die pad verdwyn agter 'n bossie. Get. R.O.; 22.2 x 28. Id.
 397. *Drakensberge, Natal*: Landskap met bome in voorgrond en berge in agtergrond met rooidakhuisie aan die voet daarvan. Get. L.O.; 30.5 x 25. Id.
 398. *The Lagoon, Kleinmond, Cape*: Rivierlandskap met berge en paalbrug oor die rivier. 1951; get. R.O.; 38 x 49.2. Id.
 399. *Gesig op Tafelberg*: en Kaapstad met rotse wat uit die see steek in die voorgrond. 1952; get. R.O.; 28 x 38. Id.
 400. *Mountain scene*: Landskap met rotsblokke regs en twee bome links met berg in

- agtergrond links. 1943; get. R.O.; 32 x 38.5. Id.
401. *Magadesia*: Stadsgesig vanaf woelige see met donker wolke. 1949; get.; 24.7 x 32.5. Id.
402. *Charcoal carrier*: Meidjie geklee in rooi mantel met hout op die kop op pad. 39.2 x 46. Id.
403. *Hout Bay, Cape*: Strandgesig met see, berge en klippe links. 1945; get. R.O.; 32.4 x 44.2. Id.
405. *Notre Dame, Parys*: by aandlig en grag in voorgrond. 32.5 x 22.2. Id.
406. *Bay at the Cape*: met berge in agtergrond en strandduine met groen begroeiing, wit wolke in die lug. 1952; get. R.O.; 32.5 x 37. Id.
407. *House near Ladismith, Cape*: Wit plaashuis regs agter bloekombome verskuil met draadheining. Get. R.O.; 52 x 38.9. Id.
408. *Mombasa*: Hawe met drie seeskepe met swart pype, waarvan een met wit en die ander met oranje bande om. 1944; get. L.O.; 25 x 32.5. Id.
409. *Ladismith, Cape*: Wit plaashuis agter bloekombome regs verskuil. Draadheining om die huis. Get. R.O.; 52 x 38.9. Id.
410. *Beira*: Hawetoneel met baie skepe en roeiboortjie in voorgrond. 1949; blou ink en waterverf, get. L.O.; 26.7 x 38.5. Id.
411. *Location*: Wit lokasiehuis met werkende volk en swart hen en haan regs onder. Get. R.O.; 38 x 46. Id.
412. *Panorama*: met fabrieksloodse en lang pype, en berge in agtergrond. Get. L.O.; 26 x 39. Id.
413. *Outside Durban*: Strand met boom in voorgrond. 1924; get.; 34.7 x 24.3. Id.
414. *In the Karoo*: Vlakte met bossies en twee berge in agtergrond. 1949; get. R.O.; 29 x 34.1. Id.
415. *Champagne Castle, France*: Groen bergheiling links en bruin dalpad regs, en blou berg in agtergrond. Get. R.O.; 36.7 x 46.7. Id.
416. *Old Mill (Cotswolds)*: Watermeul met wiel en riviertjie, hoë skoorsteen en woonhuis regs van die meul. 1934; get.: Fern, L.O.; 37 x 26. Uitgestal: *Salon de Paris 1934, Salon des Tuileries 1934, en Cambrian Academy 1931-1934.*
417. *River in flood*: met wilgerbome en vier wit eendjies. 1930; get. R.O.; 27 x 38. Id.
418. *Kloof*: Breë sandpad wat in kloof tussen berge verdwyn, weerskante grasbegroeiing, geel lower van wilgerboom regs. Get. R.O.; 27.5 x 38.1. Id.
419. *Flowering fruit-trees*: Waterpan by wit huisie en in voorgrond bloeiende vrugtebome, berge in agtergrond. Get. R.O.; 38 x 40.5. Id.
420. *Wynberg, Cape*: Wit plaashuis agter bome verskuil en twee amper kaal bloekombome links langs sandpad. 1929; get. R.O.; 24.9 x 37. Id.
421. *Camps, Cape*: Seegesig met weerkaatsing van ondergaande son, en twee sittende figuurtjies op strand in die voorgrond. 1945; get. R.O.; 26.8 x 32. Id.
422. *Near Stellenbosch*: Bouvelde met groepie bloudak-huise en berge in agtergrond. 1947; get. L.O.; 31.5 x 38. Id.
423. *The Donga near Johannesburg*: Droë rivierbedding en winterkleure in bome. Get. R.O.; 38 x 44.1. Id.
424. *Wit Kaapse huis*: met platdak en wit muurtjie en hek en bome daarvoor, berge in agtergrond. Get. L.O.; 36.1 x 41.1. Id.
425. *Landskap*: Sewe h'arlose bome in voorgrond, daaragter huis met grasdak en berge in agtergrond. Get. R.O.; 25.4 x 35.5. Mev. Mullock-Bentley, Zululand.
426. *Mine Dump*: Bloekombome en dam en skagtoring. Gouache, get. R.O.; 45.7 x 35.6. J. P. Rees, Randburg.
427. *Seascape*: Figure op strand en twee skepe op die horison. F. S. Robinson, Jhb.
428. *Native hutments*: 1925; get. L.O.; 24.1 x 31.7. Mev. B. Rogers, Fish Hoek.
429. *Mountain scenery at Pilgrims Rest, Transvaal*: 1920; get. R.O.; 36.8 x 25.4. Mev. B. W. Russell, Rondebosch, Kaap.
430. *The Danger*: 1915; get. R.O.; 20.5 x 12.7. Id.
431. *South Coast, Natal*. Get. L.O.; 26.7 x 38.7. Dr. Silberberg, Kaapstad.
432. *Autumn landscape, Cape*: 1943; get. R.O.; 26.7 x 35.6. Id.
433. *Zululand*: Get. L.O.; 17.8 x 28. Id.
434. *Melton Holds* 1943; get. R.O.; 27.3 x 40.7. Id.
435. *Seine, Parys*: Get. R.O.; 25 x 35.6. Id.
436. *Waternal-Onder*: Get. L.O.; 25 x 32. Id.
437. *Rivierbed*: met bos na regs. Get.; 26.7 x 36.8. Id.
438. *Kommetjie, Kaap*: 1952; get. R.O.; 26.2 x 34.9. Id.

439. *Park scene with pool in front*: Get. R.O.; 26.7 x 40.7. Id.
 440. *Joubertpark*: Get. R.O.; 35.6 x 36.8. Id.
 441. *Durban Beach*: Get. R.O.; 22.5 x 26.1. Id.
 442. *Hex River, Cape*: 1946; get. R.O.; 32.4 x 41.9. Id.
 443. *Village Ladismith*: Cape. Get. L.O.; 27.3 x 36.8. Id.
 444. *View of the Isle of Man*: Get. R.O.; 14 x 25.4. Id.
 445. *Dune, South Beach, Natal*: Get. L.O.; 24.9 x 30.5. Id.
 446. *Near Aden*: Julie 1949; get. R.O.; 25 x 32.4. Id.
 447. *Waterpan behind dunes*: Get. R.O.; 27.3 x 35.6. Id.
 448. *Voortrekker scene*: met ossewa en drie hoenders in landskap. Get. L.O.; 25 x 30.5. Id.
 449. *Melton Hold, Cape*: 1943; get.; 36.8 x 43.2. Id.
 450. *Hartebeesfontein*: 38.1 x 49. Id.
 451. *Vulaines*: Get. R.O.; 22.9 x 30.5. Id.
 452. *Samoi de la Seine*: Get. L.O.; 22.9 x 30.5. Id.
 453. *Seegesig met sandduine*: 1934; get. R.O.; 25.4 x 33.7. Id.
 454. *View from balcony of the artists house, Johannesburg*: 1938; get. R.O.; 59.9 x 44.5. Id.
 455. *Farm at the foot of the mountain, Swellendam*: 1929; get. L.O.; 24.9 x 36.8. Id.
 456. *South Coast, Natal*: 1927; get.; 28.6 x 40. Id.
 457. *Kanaal in Venesie*: Get. R.O.; 31.8 x 22.9. Id.
 458. *Park scene with statue*: Get. R.O.; 22.8 x 31.2. Id.
 459. *Boer scene*: Ossewa in middel en mans en vrouens in Voortrekkerdrag. Get. R.O.; 36.8 x 37.5. Id.
 460. *Graslandskap*: met groot berg links agter. Get. R.O.; 24.1 x 35.6. Id.
 461. *Pilgrims Rest, Methodist Church*: 1929; get.; 38.1 x 25.4. Mev. S. W. Storey, Rosebank, Kaap.
 462. *Hout Bay*: 1945; get. W.B. Swart, Jhb.
 463. *Blauberg*: 1945; get. Id.
 464. *Groot Constantia*: 1934; get.; 35.6 x 48.3. E. Trollip, Klerksdorp.
 465. *Scene of the Cape coast*: 26.7 x 36.7. Id.
 466. *Old house at St. James, Cape*: 1927; get. R.O.; 26.7 x 35.5. H. E. D. Vallance, Seepunt, Kaap.
 467. *Graskop, Transvaal*: 1929; get. L.O.; 25 x 36.8. Mev. D. M. Worthington, Kaapstad.
 468. *South Coast rocks*: 1924; get. L.O.; 29.2 x 24.2. Mev. B. W. Russell, Rondebosch, Kaap.

Etse

469. *Northwards, Johannesburg*: Get. R.O.; 20.3 x 26.2. Mev. J. E. McLean, Jhb.
 470. *Gesig op rivier*: met hoogbrug en seilbote en 'n roeiboot middel links voor. Get.; 7.5 x 12.7. Id.
 471. *Watermeul*: met riviertjie, pad regs en huise in agtergrond. Get.: E. I. Fern; 8.4 x 4.9. Id.
 472. *Hampstead Heath*: Laantjie met kaal bome deur 'n winterlandskap na 'n bos op agtergrond. Get.; 19.9 x 14.8. Id.
 473. *Stellenberg, Kaap*: Gesig op ingangspoort met 'n boom, sy- en vooraansig van Kaap-Hollandse huis op agtergrond. Get.; 21.2 x 27.2. Id.
 474. *Winter, Transvaal*: Landskap met gras en groepie kaal bome in middel links, 'n berg of mynhoop in agtergrond. Get.; 23 x 17.2. Id.
 475. *Hampstead Heath*: Landskap met dennebome en 'n paadjie wat van die middel diagonaal na links uit die prent lei. Get.; 19.6 x 14.6. Id.
 476. *By the sea*: Sittende vroulike naakt steunend op die linker arm met die rug na die toeskouer, 'n meeu regs van die kop. Get.; 10.2 x 15.2. Id.
 477. *City and Suburban G. Mine Co.*: Mynlandskap met hoë silindervormige pyp links, 'n skagtoring en 'n reservoir, links onder twee werksmense. Get.; 15.4 x 10.6. Id.
 478. *Geregshof, Johannesburg, vooraansig*: 1923; drypoint; get.; 20.3 x 27.9. Id.
 479. *Prichardstraat, Johannesburg*: Gesig op Pritchardstraat vanaf 'n hoek met die Geregshof links. Get.; 27.3 x 22.9. Id.
 480. *Old U.P. Club, Johannesburg*: Gebou op hoek van straat met verskeie koepeldakke, waarop vlagpale op elkeen, daarvoor 'n boom en 'n persoon. Get.; 21.1 x 23. Id.

481. *Southport, South Coast, Natal*: Seegesig deur bome en varings op die voorgrond. Get.: 9.8 x 14.9. Id.
482. *S.A. fishing boats*: Vier, aan die kaai gemeerde vissersbote, met reeks berge op die horison. Get.; 15.2 x 20.2. Id.
483. *New harbour*: Drie vissersbote in hawe, met berge op die agtergrond regs, seevoëls bo die bote en 'n volle maan. Get.; 16.2 x 20. Id.
484. *Old Telephone Tower*: Toring in agtergrond met regs gedeeltelik sigbaar die Tin Temple. 20 afdrukke; Get.; 25 x 11. Id.
485. *Foxstraat, Johannesburg*: Straatgesig met weerskante geboue, waarvan die laaste gebou links met 'n vlag. Get.; 14.1 x 9.9. Id.
486. *Old trees, Southport, Natal*: Kaal berglandskap met groot bome en twee kafferhutte in agtergrond links. Drypoint; get.; 15.1 x 21. Id.
487. *Indian Mosque, Durban*: Twee torings, waarvan die linker een die grootste, en gebou van moskee met mense daarvoor. Drypoint; get.; 21.4 x 10.4. Id.
489. *Stellenberg, Cape*: 1932 ?; get. Mev. H. J. Mellet, Bloemfontein.

Ander Media

490. *South Coast rocks*: 1924; pastel, get. L.O.; 29.2 x 24.2. Mev. B. W. Russell, Rondebosch, Kaap.
491. *Leafless trees with house in background*: Swart ink; 15.2 x 8.9. Derek Jacobs. Germiston.
492. *Engelse hawe*: Vissersbote in die hawe met laaggety strand, berglandskap in agtergrond links, voorste boot gemerk PZ 87. 1921; sepia, get. R.O.; 20.2 x 29.1. Mev. J. E. McLean, Jhb.
493. *Animal study*: Springbokke in Karoolandskap. Sepia; 25.4 x 30.5. B. V. Mirfin. Jhb.

SUMMARY OF THE LIFE AND CAREER OF EMILY FERN, 1881-1953

Emily Isabel Fern was born in Australia of Manx parentage. Her father was a Rand mining pioneer and the family came to the Transvaal when Emily was still a very small child.

The Convent in End Street, Johannesburg, which she attended, introduced her to painting and after that she developed a keen interest in art. At the Technical College in Port Elizabeth she came first in an examination in monochrome and won the Municipal Silver Medal. She received another first prize for portraits at the Johannesburg School of Arts in 1914 and two gold medals for portraits from life in oils at the Johannesburg Eisteddfod.

She studied under Smithard and Amschwitz in Johannesburg. In 1920 she was able to go overseas where she studied for more than two years under Prof. Tonks at the Slade School of Art in London; also at the L.C.C. Southampton Row, London, etching under Messrs. Emanuel and Robins. In 1933 she went to Paris for more than a year to study under M. André L'Hote in Montparnasse.

Her work was exhibited in London at the Cambrian Academy (1931-1934), at Conway Castle, Wales, and in several of the provincial towns in England. While in Paris she exhibited portraits and nudes at the Salon,

the Salon des Tuileries at an Anglo-American Exhibition and at several other venues. The artist contributed for many years to exhibitions of the Natal Society of Artists, the S.A. Academy, Johannesburg, the S.A. Society of Artists in Cape Town, Johannesburg, Port Elizabeth and East London and held several exhibitions of her own in Johannesburg, Pretoria and Durban.

Miss Fern's work is represented in the National Gallery, Cape Town, and in the Anne Bryant Art Gallery in East London. In addition she made leather covers for illuminated addresses to the Duke of Connaught, to the Duke of Windsor when he visited South Africa as Prince of Wales, and to H.M. King George VI on the occasion of his coronation.

Emily Fern was a painter of immense enthusiasm and her work was never static, but threw "on experiment". The lack of discipline in a proper art education in her youth, influenced her later work in which these shortcomings were revealed all too clearly. A period of study at the Slade Art School gave her a foundation of practice in drawing from life. The French influence shows itself in the treatment of trees, houses and fields in her landscape paintings and background painting of her still-lives in later years. In some of her work patterns are emphasized by lines; these however do not enter into her best works.

Her flower studies became very popular; the pieces with large flowers, such as Anemones, Magnolias and Sunflowers were the most successful. Illness in the last few years of her life restricted her travels. This proved beneficial to her art, however, which became more subtle in its general treatment of colours and in the overall presentation.

This artist kept a flower book in which she drew and made notes of veldflowers. Today the use of a sketchbook is considered as a rarity.

Emily Fern, the first Johannesburg-educated woman artist, will be remembered for her great love and knowledge of South African flora and her recordings of them.

E. P. Engel